**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 23/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**ISAAC MOJALEFA MARA**

---

**CORAM:** **VAN COPPENHAGEN et WRIGHT, RR**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **VAN COPPENHAGEN, R**

---

**GELEWER OP:** **13 MEI 2004**

---

[1] Die beskuldigde, ‘n 26-jarige geleentheidswerker, het op 8 Maart 2004 in die Landdroshof tereggestaan op 3 klagtes; huisbraak met die opset om te steel en diefstal van ‘n 9mm pistool, die onwettige besit van daardie pistool en die onwettige besit van 5 rondtes ammunisie in dieselfde vuurwapen.

Die beskuldigde het op al die klagtes hom ten laste gelê skuldig gepleit en was op 8 Maart 2004 skuldig bevind; tereg so.

[2] Die feite soos dit tydens die artikel 112(1)(b) van Wet 51 van 1977 verklaring na vore gekom het is ongekompliseerd.

Op 4 Maart 2004 om 20h00 het die beskuldigde na die klaer se woning gegaan, die deur oopgemaak en die pistool met die rondtes in die magasyn onder die kopkussing op die bed geneem. Hy het die wapen na sy oom se woning geneem alwaar hy dit versteek het.

Hy het egter later koue voete gekry en vir die polisie gaan vertel dat die wapen by sy oom se woning versteek is. Hy was egter daarna en wel op 4 Maart 2004 arresteer.

[3] Vir voormelde vergrype was die beskuldigde gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf op die huisbraakklagte, drie jaar gevangenisstraf vir die onwettige besit van die vuurwapen en een jaar vir die onwettige besit van die ammunsie, in totaal dus sewe jaar gevangenisstraf.

[4] Redes vir die oplegging van die vonnis was aangevra en deur die landdros verskaf.

[5] Na die beskuldigde as persoon is reeds deels hierbo verwys. Belangrik is egter die feit dat die beskuldigde skuldig gepleit het en ook 'n eerste oortreder was.

[6] Die aard van die misdade en die gesindheid waarmee dit gepleeg was, is ook reeds uiteengesit. Uit daardie omstandighede is dit duidelik dat kort nadat die misdade gepleeg was die beskuldigde se skuldgevoel die oorhand gekry het en hy probeer regmaak het wat hy verkeerd gedoen het. Sy optrede toon myns insiens nie net daadwerklike berou nie, maar ook dat die beskuldigde mensemateriaal is wie se gewete hom aangekla het en dat hy sal baat by die figuurlike swaard oor die kop.

Voormelde faktore was nie na behore deur die landdros in ag geneem nie en om voormelde rede behoort die vonnisse verminder te word.

[7] Dit is geyk dat 'n strewe na pariteit in vonnisse gewens mag wees, en dat die vonnisse in vorige sake opgelê vergelyk mag word; dit beteken egter nie dat daardie vonnisse lukraak nagevolg moet word nie, immers, individualisering van vonnisse verg dat elke saak

weens die uniekheid van die mens en die feite in die saak objektief oorweeg word.

Vergelyking ten opsigte van skuldigbevindings aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal in sake soos **S v COALES 1995 (1) SACR 33 (A); S v PIETERSON AND ANOTHER 1990 (2) SACR 440 (C); S v PIENAAR 1992 (2) SACR 649 (C); S v OLIVIER 1996 (2) SACR 387 (NC) en S v WAYI 1994 (2) SA 334 (E)** illustreer die beginsel van individualisering van vonnisse en toon ook aan dat die vonnisse in die onderhawige geval vir die betrokke oortreding onvanpas is.

[8] Aanduidend van die tipe vonnisse wat opgelê word in gevalle waar ‘n persoon ten opsigte van onwettige besit van ‘n vuurwapen en die onwettige besit van die ammunisie in die magasyn daarvan is die sake **S v LIMO 1995 (1) SACR 404 (O); S v ZONDI 1995 (1) SACR 18 (A); S v SOTSU AND ANOTHER 2001 (1) SACR 428 (Tk); S v DUBE 1994 (2) SA 130 (N); S v SIBISI 1998 (1) SACR 248 (A); S v KHONYE 2002 (2) SACR 621 (T) en S v MOOLEELE 2003 (2) SASV 225.**

Terwyl die verskeidenheid van vonnisse beklemtoon dat die meriete van elke saak deurslaggewend is, word ook uitgelig dat die vonnisse deur die landdros opgelê in die onderhawige geval onvanpas is.

[9] Alles in ag genome, maak die feit dat die beskuldigde bykans onmiddellik berou getoon het en tog probeer het om die fout te herstel en dit teen die agtergrond dat die beskuldigde ‘n eerste oortreder is, dwing die omstandighede tot ‘n veel ligter vonnis as deur die landdros opgelê.

[10] Die volgende bevele word gemaak:

1. Die beskuldigbevinding word bekragtig.
2. Die vonnisse deur die landdros opgelê word deurgehaal en vervang met die volgende:

**Klagte 1**: Twee (2) jaar gevangenisstraf waarvan ses (6) maande opgeskort word vir vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan ‘n oortreding van

huisbraak met die opset om te steel en diefstal, gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.

**Klagte 2:** Agtien (18) maande gevangenisstraf.

**Klagte 3:** Nege (9) maande gevangenisstraf.

Dit word gelas dat die vonnisse opgelê op klagtes 2 en 3 samelopend met die vonnis opgelê op klagte 1 uitgedien word.

______________________________

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

**EK STEM SAAM**

____________________

**G.F. WRIGHT, R**

/scd